**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr: 118/2006

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>MAKGOTSO ANASTANAH LEKANYANE</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** HANCKE, R *et* WRIGHT, R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** WRIGHT, R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 9 MAART 2006

---

[1] Die beskuldigde, 'n 34-jarige vrou, is skuldig bevind aan die besit van 346 gram dagga en gevonnis tot 24 maande gevangenisstraf waarvan die helfte vir 5 jaar ongeskort is.

[2] Navrae is gerig aan die Landdros om redes vir die vonnis te verskaf, veral in die lig van die feit dat die klaagster skuldig aan slegs besit van dagga bevind is en slegs een vorige veroordeling het. Ten aansien van die vorige veroordeling

is sy gevonnis tot 'n boete van R1 200,00 of ses maande gevangenisstraf en 'n verdere agt maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is. Dit is egter nie duidelik hoeveel dagga ter sprake was by die vorige veroordeling nie.

[3] Ter strafversagting het die landdros vermeld dat sy 34 jaar oud is en 'n snoepwinkel bedryf vanaf haar woning en dat sy drie kinders het wat in Lesotho woonagtig is en versorg word deur haar ouers. Sy verkoop groente, tamaties en vrugte en haar inkomste wissel van so R20 tot R50 per dag.

[4] Alhoewel ons hier met 'n ernstige misdaad te doen het is dit nog nie so ernstig soos die misdaad van handeldryf met dagga nie en moet die relatiewe geringe hoeveelheid dagga ook in aanmerking geneem word.

[5] Omdat die hoeveelheid dagga wat ter sprake was by die vorige veroordeling nie vermeld word nie, moet daar nie te veel gewig geheg word aan die straf wat in daardie saak opgelê is nie. Die blote feit dat sy wel 'n vorige veroordeling het moet nogtans in aanmerking geneem word.

[6] Ek meen dat die vonnis wel sodanig onvanpas is dat daar ingemeng behoort te word in die lig van al die omstandighede in hierdie saak soos blyk uit die oorkonde en die landdros se redes en dat die onderstaande vonnis

gepas is in die lig van al die omstandighede.

[7] Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis ter syde gestel en vervang met die volgende:

‘n Boete van R3 000,00 (drieduisend rand) of 6 (ses) maande gevangenisstraf asook ‘n verdere 9 (nege) maande gevangenisstraf welke opgeskort word vir ‘n periode van 4 (vier) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan die oortreding van artikel 4(b) of 5(b) van Wet 140 van 1992 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

Die vonnis moet geag opgelê te gewees het op 16 Januarie 2006.

**G.F. WRIGHT, R**

Ek stem saam.

**S.P.B. HANCKE, R**

/em